

WOORDBETEKENIS EN BETEKENISVERANDERING

(Betekenisleer, Semantiek of Semasiologie)

Wat dit beteken:

Onder betekenisleer (semantiek of semasiologie) verstaan ons die studie van die betekenis van woorde en van die wette waarvolgens die betekenis van woorde ontwikkel, verander en uitsterf.

A. WOORDBETEKENIS

Algemene geaardheid van die betekenis van woorde

In die ou dae het mense uitgegaan van die veronderstelling dat elke woord oorspronklik **een** betekenis het en dat daaruit nuwe betekenis ontwikkel het. Op dié manier het hulle dan na die algemene betekenis of oorspronklike betekenis waaruit die woord kon ontwikkel het, gesoek.

Laat ons nou sien in hoeverre hulle gelyk gehad het of nie. Ons neem aan dat elke woord 'n betekenis het, maar sodra ons probeer om daardie betekenis te bepaal, dan vind ons uit hoe moeilik so 'n taak werklik is. Neem die woord „tafel” byvoorbeeld. Daar is groot tafels, klein tafeltjies, hoë tafels, lae tafels, tafels met een, twee, drie, vier of baie meer pote; party se blaai is langwerpig, sommige s'n rond, ander s'n vierkantig, ens.

Hoe gaan ons nou 'n tafel definieer? Iets om 'n blompot op te sit? Iets om by te eet? Iets om op te stryk? Iets om by te werk in die kombuis? Dink verder aan al die kleurskakerings wat in die woordjie „groen” opgesluit is, en aan die verskillende betekenis van die woord „goed” in:

- (i) { Daar was baie **goed** op die vandisie.
Vat jou **goed** en trap!
Bring die **goed** van die motor af.
Hy gee my **goed** vir my verkoue.
Sy verskuif al die **goed** in die kamer.
Ek slaap **goed**.
- (ii) { Ons het **goed** gery.
Verstaan jy **goed**?
Daar was **goed** 'n honderd mense teenwoordig.
Hy eet **goed**, ens.

Dit word nou vir ons duidelik dat 'n woord in die reël nie net **een** betekenis het nie maar 'n hele aantal, en ons praat dan ook van die **polisemie** (= veelheid van betekenis) van woorde.

Elke woord het wel 'n begripsinhoud maar meestal is dit nie 'n skerp omlynde begrip nie — slegs 'n aanduiding van 'n hele klomp voorstellings. Die woorde hierbo genoem, „tafel”, „groen” en „goed”, het elk 'n vae betekenis as hulle alleen staan, m.a.w. hulle roep 'n vae beeld voor ons gees op. Ons kry egter 'n skerp beeld sodra die woord in 'n besondere verband gebruik word (bv. „goed”).

Laat ons hierdie feit nog verder toelig. As ek vir ou aia Sina net die een woord „tafel” sê, sal sy my vreemd aankyk. Sy sal in die eerste plek nie verstaan wat ek bedoel nie en daarby sal sy maar 'n vae beeld van 'n „tafel” hê. As ek egter vir haar sê: „Aia Sina, bring hierdie tafeltjie vir my stoep toe,” dan bedoel ek 'n bepaalde tafel; en daarom sal sy ook 'n skerp beeld van daardie besondere tafel hê.

'n Woord moet dus nie beskou word as die teken vir 'n vaste „logiese” begrip nie. Dit dui 'n hele kompleks van voorstellings aan waarin 'n mens 'n vaste kern kan onderskei naas 'n omgewing van bybegrippe. Die betekenis van 'n woord kan vergelyk word by die gesigsveld: alles wat daarin val word wel waargeneem, maar nie ewe helder nie. Kom jy 'n kamer binne, byvoorbeeld, vestig jy gewoonlik jou blik slegs op een ding op 'n slag, maar jy bly bewus van baie ander dinge ook. Jy kyk miskien na 'n persoon maar „sien” terselfdertyd, hoe vaag ook al, ander voorwerpe soos stoele, blom-potte, die vloer, vensters, mure, tafel, ens.

Veelheid van betekenis word veroorsaak deur die feit dat dinge gewoonlik 'n verskeidenheid van eienskappe besit. Hierdie eienskappe, hoewel aan mekaar verwant, tree in die reël nie gelyktydig op die voorgrond nie: nou tree die een, dan weer die ander, in die middelpunt van ons bewussyn.

Nog iets om te onthou! As 'n woord 'n ding noem, dan wil dit nie beteken dat al die kenmerke van daardie ding in die naam aangedui word nie. Naamgewing geskied op baie maniere, bv.

(a) na 'n dominerende trek:

- (i) geluid: Piet-my-vrou, kelkiewyn, Jan Taterat, kokkewiet
- (ii) eienskap: 'n skimmel, 'n rooie

- (iii) opvallende gedeelte: rywiël, slypsteen
- (b) na die stof: glas, lei
- (c) na die herkoms: champanje, Sint-Bernard, Ford, Buick

As ons die etimologie van baie woorde nagaan, sal ons verder sien dat daar dikwels net een kenmerk genoem word — en soms dan nog nie eers die belangrikste nie. Die woord „stoel”, byvoorbeeld, kom van die woord „sta” (met agtervoegsel l) en beteken: ’n ding wat staan. By ons verteenwoordig die woord „stoel” egter al die kenmerke wat ons daarvan leer ken het. Ons dink nie net aan die een kenmerk waardeur die woord oorspronklik sy naam gekry het nie. Hieruit blyk dit ook dat dit nie nodig is om die etimologie van ’n woord na te gaan om die betekenis daarvan te verstaan nie.

Om op te som kan ons dus sê (soos dr. le Roux aantoon): **elke woord het ’n vae algemene begripsinhoud, maar sodra dit in ’n besondere verband gebruik word, spring een of ander aspek of skakering daarvan in die middelpunt van ons bewussyn.**

Faktore wat betekenisinhoud bepaal

Die volgende faktore dra by om die betekenisinhoud te bepaal:

I. Persoonlike ervaring:

Woorde het gewoonlik ook ’n individuele of persoonlike betekenis wat deur die ervaring van die individu en die verband waarin die woord gebruik word, bepaal word. By verskillende individue roep een en dieselfde woord verskillende voorstellings voor die gees. As A (’n ryk man) vir B (’n arm man) sê: „Ek/het ’n motor gekoop”, dink A aan sy eie, besondere motor (moontlik ’n weelderige), en die woord „motor” het vir hom dus ’n skerp omlynde beeld of begripsinhoud. B se voorstelling van die motor sal veel vaer wees en sal grotendeels afhang van sy ondervinding met motors, en, as hy een het, van sy eie motor (moontlik ’n rammelkas).

II. Situasië:

Die begripsinhoud van ’n woord word gewysig in ooreenstemming met die situasie waarin dit gebruik word. Die betekenis en voorstelling van die woord „hamer”, byvoorbeeld,

sal verskil al na dit gebruik word deur 'n smid, deur 'n timmerman, deur 'n skoenmaker, in 'n ysterfabriek, ens.

Ook in verskillende sosiale kringe kry dieselfde woord verskillende betekenisskakerings. In „Ons het die danspartytjie by mnr. H. geniet” hang die besondere begripsinhoud van „danspartytjie” af van die sosiale kring waarin die spreker of hoorder hom beweeg.

III. Figuurlike gebruik:

As 'n woord figuurlik (of oordragtelik) gebruik word, kry dit ook ander betekenisse as die gewone. Dink, byvoorbeeld, aan uitdrukkinge soos die volgende waarin die vetgedrukte woorde telkens 'n ander betekenis kry as die gewone:

Sy **kerk** is uit. Die **dorstende** gesaaides. **Stygende** berge. Die huisies **staan afgeleef** naas mekaar. Die donderstorm **snel verby**. Iemand **troef**. Hy **torring** aan my. Daar is 'n **geurtjie** aan.

IV. Sinsverband:

Let op hoe die begripsinhoud van die woord „lekker” in elk van die onderstaande sinne telkens gewysig word:

Ek sit nie **lekker** nie (gemaklik).
 Hy het 'n **lekker** baas (gawé, goeie).
 Sy kan **lekker** kook (smaaklik).
 Dit was 'n **lekker** partytjie (vrolik, opgewek).
 Ek voel nie alte **lekker** nie (fris, gesond).
 Die man lag **lekker** oor die grap (hartlik).
 Hy woon in 'n **lekker** huis (gerieflik).
 Hy was gou **lekker** (aangeklam, dronk).
 Jy kan dit **lekker** in een dag doen (maklik).
 'n **Lekker** aand deurbring (gesellige).
 Hy gesels **lekker** (boeiend, onderhoudend).
 Dit was sommer 'n **lekker** wedstryd (opwindend).

V. Klemtoon:

Die betekenis van 'n woord in 'n sin is ook nou verbonde met die klemtoon. Let op in die volgende sinne hoe die betekenis saam met die klemtoon gewysig word.

Jan skiet die voël (nie iemand anders nie).
 Jan **skiet** die voël (die handeling word beklemtoon).
 Jan skiet **die** voël (nie 'n ander voël nie).
 Jan skiet die **voël** (nie iets anders nie).

Polisemie van woorde feitlik onbeperk

Die polisemie van woorde is nie beperk tot een of ander rededeel of klas woorde nie. Alle woordsoorte het 'n veelvuldige betekenisinhoud. Vergelyk die volgende:

Werkwoord: Die seun **loop**. Die water **loop**. Die trem **loop**.
Die oorlosie **loop**. Sy neus **loop**. Hy **loop**
dat hy so ooplê.

B.n.w.: Jan is **soet**. Die wyn is **soet**. Die koffie is **soet**.
Rus is **soet**. Die klank is **soet**. Sy taal is **soet**.

Voorsetsel: Slaan ag **op** my woorde. Die pen lê **op** die tafel.
Sy lyk **op** haar moeder. **Op** die end kon ons nie
gaan nie. Hy doen dit **op** eie houtjie. Die
winter is **op** hande. Hy staan **op** 'n afstand.
Ek stel dit **op** prys. More is hy weer **op** kantoor.
Die deur is **op** slot. Sy is gedurig **op** straat,
ens.

Hoewel daar nie woorde met slegs een begripsinhoud is nie, is daar baie woorde met 'n taamlik beperkte aantal betekenis. Ons dink hier veral aan die sogenaamde tegniese woorde soos „valskerm”, „hypotenuse”, „torpedojaer”, „suurstof” „X-strale”, „xylofoon”, ens.

Betekenisdifferensiasie

Die verskeidenheid van betekenis van woorde gee soms aanleiding tot onsekerheid en verwarring. As gevolg hiervan kry ons dikwels opsetlike betekenisdifferensiasie, d.w.s. die betekenis van 'n woord in 'n sekere verband word opsetlik omskryf om misverstand te voorkom. Wetgewing en amptelike regulasies lewer die duidelikste voorbeelde hiervan op. Omdat woorde soveel betekenis-skakerings het, word sommige daarvan gewoonlik presies gedefinieer in ooreenstemming met hulle besondere betekenis in daardie wet, regulasie, ens. Hier is 'n paar voorbeelde:

In hierdie Regulasies, tensy dit onbestaanbaar is met die samehang, beteken:

„Vasgestelde Datum” die ingangsdatum van hierdie Regulasies;

„Administrateur” die Administrateur wat optree in oorleg met die Uitvoerende Komitee;

„Graad” 'n graad van 'n erkende Universiteit;

„Ondervinding” onderwysondervinding wat deur die Direkteur as bevredigend beskou word.

B. BETEKENISVERANDERING

Algemene geaardheid van betekenisverandering

Deurdat taal 'n psigiese en nie 'n logiese werking is nie, kan betekenisverandering alleen sielkundig verklaar word. Laat ons nou die geaardheid van hierdie betekenisverandering nader beskou. Neem, byvoorbeeld, die woord **tuin**. Oorspronklik was die woord „tuin” die benaming vir 'n omheining. 'n Omheining kon egter baie eienskappe hê. Een daarvan was dat dit gebruik kon word om 'n stuk grond met plante daarop te omhein of toe te maak. Nou beteken 'n tuin 'n beplante stuk grond, dikwels sonder 'n omheining. Die woord „tuin” het dus met verloop van tyd heeltemal van betekenis verander. Hoe het dit gebeur? Die een (ou) voorstelling het vervaag, op die agtergrond getree en die ander (nuwe) het op die voorgrond getree.

Hoekom verander woorde van betekenis?

Ons het hier te doen met 'n baie menslike, sosiale studie, want betekenisverandering is nou verbind met die werkinge van die menslike psige en hou tred met die veranderings in die sosiale lewe. Die volgende oorsake gee aanleiding tot betekenis-verandering:

I. Dinge verander self, omdat hulle tot iets nuuts ontwikkel of saam met die kultuur en lewenswyse 'n belangrike ontwikkeling meemaak, maar hulle behou hulle ou naam: Van die outydse muntstukke hoor ons nog die woorde **dubbeltjie** en **daler**, maar die waarde daarvan is heeltemal anders as 'n paar eeue gelede. **Pen** het eers 'n veer beteken, **bord** 'n hout plankie, **maarskalk** 'n perdekneg, **bruilof** 'n optog met fakkels om die bruid te gaan haal. 'n **Griffel** is vroeër gebruik om op was te skryf en nie op 'n lei nie. Die moderne **hoed** en **skoën** lyk baie anders as dié van 'n paar eeue gelede. 'n **Ploeg**, 'n **skip** en 'n **lokomotief** verskil ook hemelsbreed van die eerste ou ploë, skepe en lokomotiewe. Deurdat die genoemde dinge — en duisende ander — saam met die gebruike, sedes, gewoontes en leefwyse van die mens mettertyd verander het, het die ou voorstellings uitgesterf of op die agtergrond getree, terwyl die nuwes weer op die voorgrond getree het.

II. Die gebruiksfeer van woorde verander, d.w.s. hulle gaan oor van die een groeptaal na die ander of van die algemene taal na 'n vaktaal of omgekeerd. Dit bring mee dat die betekenis van woorde vereng of verruim word. Hierdie soort wysiging van die woordbetekenis noem ons dan ook vereniging en verruiming van betekenis. Hier volg nou 'n paar voorbeelde van albei: (**Let op:** In die algemene taal het die woord 'n ruimer betekenis en in die groep- of vaktaal 'n enger betekenis.)

Verenging: Vaar het eers beteken „gaan” in die algemeen, nou slegs „per skip gaan”. **veter** — eers: enige boei, nou: 'n skoenriempie; **groente** — eers: enige groen in die natuur, nou: slegs eetbare groen goed; **gaar** — eers: klaar of gereed in die algemeen, nou: gereed vir eet; **meid** — eers: 'n meisie, nou: net vir gekleurdes geb uik; **ouderling** — eers: 'n ou man, nou: iemand wat 'n sekere kerksamp beklee. Vir die psigoloog het die woorde „persoonlikheid”, „swaksinnige”, „genie”, „instink”, „emosie”, ens. 'n besondere, enger, gespesialiseerde betekenis — heel anders as vir die gewone man.

Verruiming: **maat** — eers: iemand wat saam met die ander eet, nou: 'n vriend; **skilder** — eers: wapenskilde verf, nou: landskappe en ander voorwerpe op die doek bring; **moedertjie** — eers: net 'n moeder, later: ook enige bejaarde vrou, selfs een sonder kinders; **vrou** — eers: 'n adellike dame nou: veral 'n getroude vrou, maar ook enige vroumens; **winkel** — eers: 'n hoek op die mark waar die verkoper sy ware kan uitstal, nou: enige gebou waar goed verkoopt word; **kooi** — eers: 'n skeepsbed, nou: enige bed.

III. Woorde word verkort en behou dan die betekenis van die oorspronklike woord. Hierdie verskynsel noem ons betekenisverdigting. Voorbeelde hiervan is: **raad** (stadsraad en ander rade); **bus** (briewebus of posbus); per **spoor** (spoor-trein); **kaartjie** (toegangskaartjie, poskaartjie of reiskaartjie); **matriek** (matrikulasie).

IV. Beeldspraak: deur die oordragtlike of figuurlike gebruik van woorde ontstaan baie nuwe betekenis, maar deur veelvuldige gebruik word die woorde so alledaags en clichè dat hulle later nie meer as beeldspraak gevoel en beskou kan word nie. Hierdie soort betekenisverandering berus op verband en ooreenkoms.

Ooreenkoms: soms word die name van sintuiglike waarnemings (i) op die gemoedslewe toegepas, bv. 'n **kille** ontvangs, 'n **warmer** blik, of (ii) op 'n ander gebied oorgebring, bv. 'n **soete** geur, **sprekende** kleure. Die gewaardwordings van een sintuig kan op 'n ander sintuig oorgedra word: die mense het bv. eers gepraat van 'n **soet** smaak, maar later ook van 'n „soet” klank en 'n „soet” reuk.

In party gevalle word name van die lewende op die lewenslose oorgedra, bv. die **poot** van 'n stoel, **buik** van 'n vaatjie, **mond** van 'n rivier, **neus** van 'n skoen, **oor** van 'n koppie; **romp** van 'n skip, **vinger** van 'n handskoen, **hartjie** van die somer, **rug** van 'n stoel, **stert** van 'n ploeg, **kam** van 'n berg, **arms** van 'n lokomotief, **esel** van 'n kunstenaar, ens.

Die teenoorgestelde kan egter ook gebeur: benaminge van konkrete dinge ondergaan mettertyd 'n vergeesteliking en so ontstaan daar nuwe betekenisse, bv. Dit **staan my voor**; **bevat** — oorspronklike betekenis: met die arms omvat; **begryp** — oorspronklik: met die hande gryp of omvat; **ontdek**: — eers; die deksel afneem; 'n saak **oorweeg**; die koning **onderdruk** sy volk, ens.

Verband: die naam van 'n ding word partymaal oorgedra op iets anders waarmee dit in verband staan, bv. Hy drink twee **koppies** of drie **kelkies** of drie **glasies**; Die hele **saal** het gejuig; Die **skool** kom uit; Die **dorp** is woelig; Hy skryf 'n mooi **hand**; Ek het net een **skoot** oorgehad. Die naam van 'n ding kan ook oorgedra word op 'n groter geheel waartoe dit behoort, bv. **tuin**, wat eers 'n heining beteken het, maar nou die stuk grónd binne die heg — soms selfs sonder heg — aandui. **Dam** het eers 'n wal beteken, maar nou beteken dit die wal plus die water daaragter of daarbinne.

Hoekom sterf woorde uit?

Die volgende aanleidende oorsake kan aangetoon word:

I. Maatskaplike toestande verander en dus raak ou sedes, gebruike, gewoontes, regeringstelsels, plegtighede, ens. uit die mode. Dit bring mee dat dinge soos munte, meubels, klere, gereedskappe, tafelgeregte, vervoermiddels, ens. in onbruik raak. Dink maar bv. aan **tonteldoos** en **vuurslag**; **domper** en **snuter** (gereedskap by outydse vetkerse); **konfoor** en **tessie** (die koperkan en verwarmers wat vir koffie gebruik is);

waterkers (ou soort tuisgemaakte kers); **kiepersol** (ou soort sambreel); **pienang** (soort gestoofde vleis); **tassal** (gerookte vleis); **doerias** (soort materiaal). Ou muntstukke: **skelling**, **gulden**, **dukaton**, **stoter**, **reale van agt**, **duit**, ens.: Woorde verbonde aan die ou regering-stelsel aan die Kaap: **fiskaal-independent**, **heemraad**, **landdros**, ens. Genoemde woorde ken ons nog, maar baie ander (Oosterse) woorde uit die sewentiende en agtiende eeue is vandag totaal onbekend, bv. **bonkesje**, **cassave**, **coubang**, **krits**, **marte-vaan**, **navet**, **pagger**, **parang**, **pitsjaeringh**, **tabeetjies**, **tinang**, **trocken**, **toewack**, ens. Woorde soos **pataca**, **toedong**, **janggoet**, **salam**, **katoepang**, **adoe** en **khalib** is omtreks 1880 nog algemeen gebruik in die Kaap, maar vandag word hulle, onder die Europeane altans, nooit meer gehoor nie. Ander woorde wat in die negentiende eeu gebruiklik was, is nou aan slegs enkele mense bekend of het 'n betekenis wat ons glad nie meer ken nie, bv. **resnawel** (regtig); **kaveer** (pleit); **afstaan** (in die steek laat); **alklaps** (gedurig); **dikstewels** (parmantig) en **elkendeur** (herhaaldelik).

II. Die taalrykdom is soms te groot en daarom val een woord in onbruik. In Goties bv. was daar drie woorde vir „man”, nl. „manna”, „guma” en „wair”. Van die drie is net die eerste behoue gebly, terwyl die tweede en derde slegs in enkele samestellings voortleef, bv. bruidegom en weerwolf. Ons is hier dus op die gebied van oortollige sinonieme in die taal. Eindelik kry die een die voorkeur en die ander sterf heeltemal of gedeeltelik uit.

III. Die sug na modernisme: dikwels word vreemde woorde oorgeneem wat die inheemse woord verdring of heeltemal laat uitsterf. Hoeveel mense gebruik nog die woorde **herberg** (hotel), **geneesheer** (dokter), en **gashuis** (hotel)? Mode en smaak is dus dikwels 'n belangrike faktor by die uitsterf van woorde.

*

*

*

Benewens die genoemde oorsake vir die uitsterf van woorde is daar baie ander waarvan ons niks weet nie. Seker is dit egter dat die gevoelswaarde van woorde ook 'n belangrike rol in hierdie verband gespeel het. Die oorspronklike woord vir „nadeel” was **agterdeel**, maar uit welvoeglikheid, wat

in hierdie geval duidelik te begrype is, het „nadeel” eindelik die voorkeur gekry, terwyl „agteideel”, met dieselfde betekenis totaal verdwyn het.

Die strewe om verwarring tussen gelykluidende woorde (homonieme) te voorkom is soms ook 'n aanleidende oorsaak. So het die woord **engels** (= engelagtig), naas „duiwels”, „hemels”, ens. in onbruik geraak, omdat dit moontlik met „Engels” (afgelei van die volksnaam), verwar kon word.

In baie gevalle kan die onmiddellike oorsaak vir die uitsterf van sekere woorde nie bepaal word nie. Neem bv. woorde soos **naardien**, **overmits**, **mitsgaders**, **parchen** (bedel), **marren** (talm) en **byspreuk**. Hulle is eers tot die kanseltaal en bybeltaal beperk, maar het in Afrikaans heeltemal uitgesterf.

In ander gevalle het die woord, as algemene omgangswoord, in onbruik geraak, en leef dit slegs in 'n versteende verband voort. Dink bv. aan: na **luid** van; die **hasepad** kies; in **oënskou** neem; sy **bekoms** hê aan; te **berde** bring; **hou** en trou; in der **minne** skik; in **onbruik** raak, ens.

DIE GEVOELSWAARDE VAN WOORDE

Taal rig hom nie net tot die verstand nie, maar ook tot die gevoel — die emosies. Die inhoud van 'n woord is beide objektief en subjektief. Naas 'n begripsinhoud (die objektiewe element) het 'n woord ook 'n gevoelswaarde (die subjektiewe element). Andersom: as ons woorde hoor (of lees), is dit dus nie alleen die verstand nie maar ook die gevoel wat reageer. Hoewel al die woorde in 'n sin saam 'n stemming of gevoel veel makliker kan skep en volhou, tog is die indiwiduele woord nie sonder sy eie, besondere gevoelswaarde nie. Min woorde is werklik kleurloos. Die meeste wêk of alleen of in die besondere verband waarin hulle gebruik word, sekere stemminge en gemoedsaandoeninge.

Sommige woorde besit uiteraard meer gevoelswaarde as ander. Voorop staan uitroepe en vloekwoorde, bv. **Pragtig! Wonderlik! Jou skurk! Foeitog! Ou bees! Ag nee! Jou blikskottel!** Sulke woorde is in die eerste plek gevoelswoorde. Hulle druk verbasing, bewondering, ongeloof, ergernis, ens. uit en het weinig of geen begripsinhoud nie.

Ook ander woorde is swaar belaaï met gevoelswaarde. Watter ongunstige gevoelswaardes word daar nie gewek by b.nwe. soos **naar, aaklig, vreeslik, duiwelagtig, lelik, sleg**, ens. of s.nwe. soos **skelm, skurk, huigelaar, leuenaar, vyand**, ens. nie? Die teenoorgestelde vind plaas by woorde soos **lekker, aangenaam, vriendelik, plesierig, jolig, opgeruimd, joviaal**, ens.

Onder „Verkleinwoorde” is die funksie van die verkleinwoord as gevoelswoord alreeds aangedui. Jy kan gerus weer 'n keer na bl. 68 kyk.

Soos die verkleinwoord kan ander woorde ook 'n verskeidenheid van gevoelens uitdruk. Neem die woordjie **ou** byvoorbeeld. As ek praat van „'n *ou* motor” of „'n *ou* klavier”, dan druk *ou* slegs ouderdom uit; maar as ek sê: „Daar kom daardie *ou* swaap, of daardie *ou* korrelkop al weer”, dan skep *ou* 'n gevoel van minagting. Ongunstig is ook die gevoelswaarde van *ou* in „Hy is 'n *ou* jakkals (*ou* karnallie, *ou* sondebok, ens.)” — met die klem op *ou*. Saam met ervarendheid

wek dit 'n gevoel van geslepenheid. In „wat weet daardie *ou* klerkie? Wie sal na so'n *ou* prokureurtjie gaan?” het *ou* reeds sy eie aksent verloor, en dien dit slegs om die minagting (wat deur die verkleiningsvorm uitgedruk word) te versteek.

Versterkend (met behoud van aksent) is *ou* ook in „Hy het die vent 'n *ou* (= harde) hou geslaan; Piet het gister darem vir jou 'n *ou* (uitstekende) skoot geskiet, ens. In dergelike sinne verander die begripsinhoud van *ou* natuurlik heeltemal.

In „Die *ou* vader en die *ou* moeder is albei oor die 80” dink ons nie alleen aan hulle ouderdom nie, maar is daar ook 'n bygevoel van eerbied en waardigheid.

As ek sê: „Ons is *ou* bure (vriende, kollegas, ens.), gee ek nie net te kenne dat die vriendskap, samewerking, samesyn, ens. al lank geduur het nie, maar terselfdertyd dat daar 'n soort intimiteit en wedersydse vertroue tussen ons bestaan. Dieselfde geskied in uitdrukkinge soos „Hoe gaan dit Piet, jou *ou* twak?” en „Genugtig, dis Jan! Kom hier jou *ou* bog!” waar *ou* met die skeldnaam saam blote vriendskap, gemeensamenheid en intimiteit te kenne gee.

By 'n beskouing oor die gevoelswaarde van woorde moet die volgende oorwegings ook in aanmerking geneem word:

I. Die gevoelswaarde van 'n woord is nie vir alle persone dieselfde nie. By verskillende individue wek een en dieselfde woord dikwels of verskillende gevoelens en emosies of verskille van graad in dieselfde gevoel. As ek sê: „Hy is alweer **beduiweld** vanmore”, kan 'n klomp persone wat dit aanhoor, almal anders reageer teenoor die vetgedrukte woord. Vir party is dit miskien 'n doodgewone woord, kon ek ewegoed gesê het: „Hy is alweer „siek” (of „stout”, ens.) vanmore.” Ander sal die woord dalk onkies, plat, grof, onfatsoenlik of onwelvoeglik aanvoel. Dit bring ons by die volgende twee punte.

II. Hoe meer jy 'n woord hoor of gebruik, hoe meer verander jou gevoel teenoor die woord. Wat vir jou eers plat of grof geklink het, word later gewoon en andersom.

III. Die gevoelswaarde van 'n woord hang af van die huislike, politieke en sosiale kring waarin dit gebruik word. Wat die een kring deftig of goed vind, vind die ander dikwels weer gemeen. 'n Nasionalis wil bv. nie as 'n kommunist bestempel word nie; maar die Kommunist self is trots daarop

om 'n kommunis genoem te word. Vir die Nasionalis het die woord „kommunis” dus 'n ongunstige betekenis; vir die Kommunis daarenteë het die woord 'n gunstige betekenis.

IV. Dit kan ook gebeur dat die Kommunis later 'n Nasionalis word en dan soos ander Nasionaliste oor die woord „kommunis” begin voel. Dit bewys hoe maklik 'n persoon se gevoel teenoor 'n sekere woord kan verander, m.a.w. die gevoelswaarde van 'n woord bly nie konstant nie. Dit is gedurig aan verandering onderhewig. 'n Persoon se gevoel teenoor 'n woord kan of heeltemal omslaan of dit kan 'n graadsverandering wees, d.w.s. hy vind die woord minder of meer plat, deftig, fatsoenlik, ens.

V. Opvallend is dit ook dat die gevoelswaarde van 'n woord dikwels afhang van die hele verband waarin dit gebruik word. 'n Neutrale woord kan dus of 'n gunstige of 'n ongunstige gevoelswaarde kry, bv. „Daardie **man** kan ek nie verdra nie (ongunstig); Ou Koos is darem maar vir jou 'n **man**, nè? (gunstig)”. Vergelyk verder „Ou Jannewarie is 'n ou **skelm**” met „Kom hier, jou klein **skelm**” (as 'n vader bv. met sy seuntjie praat). 'n Woord, hoe kleurloos of onskuldig ook al, kan dikwels 'n ongunstige gevoelswaarde ontwikkel wanneer dit as 'n vloekwoord of skeldnaam gebruik word. Dink maar aan „Jou **bobbejaan**! Jou **skaap**! Jou **esel**!” ens.

Daar is min woorde wat werklik kleurloos is. Alleenstaande mag hulle neutraal wees, maar sodra hulle in sinne gebruik word, help hulle om 'n sekere stemming, gesindheid of gevoel uit te druk. Woorde met die minste gevoelswaarde, selfs in die **sin**, is waarskynlik die sogenaamde „tegniese” woorde soos „valskerm”, „torpedo”, „stelling”, „vliegtuigdraer”, „hipotenusa”, „driehoek”, ens.

VI. Dikwels gebeur dit dat sowel die betekenis as die gevoelswaarde van b.nwe. sodanig verbleek of verander dat 'n woord wat gewoonlik 'n ongunstige, gevoelswaarde besit, intensiverende krag kry en 'n gunstige gevoelswaarde ontwikkel. Neem bv. „verskriklik”, „vreeslik” en „duiwels”. Ons hoor dikwels: „Dis **verskriklik** (baie) interessant”; „Dit was **vreeslik** (besonder) mooi”; „Jan skiet **duiwels** (baie) goed.” In hierdie sinnetjies het die

vetgedrukte woorde versterkende krag en druk hulle terselfdertyd 'n gunstige gevoelswaarde uit.

VII. By baie sinonieme kry ons woorde met dieselfde begripsinhoud maar wisselende gevoelswaardes. Vergelyk bv. **aangesig**, **gesig**, **fisionomie**, **smoel**, **bakkies** en **gevreet**. Elk skep sy eie gevoel. Hulle wissel van deftig (bv. aangesig, fisionomie) en doodgewoon (bv. gesig) tot ru, plat, selfs onfatsoenlik (bv. bakkies, smoel, gevreet).

Die vreemde woord, naas die inheemse, klink soms deftiger en meer geleerd. Vergelyk **applikasie** naas „aansoek”, **edisie** naas „uitgawe”, **outeur** naas „skrywer”, **premier** naas „eerste minister”, **kurrikulum** naas „leerplan”, **konfidensieel** naas „vertroulik”, ens.

VIII. Die gevoelswaarde van 'n woord wissel ook in verskillende tydperke. By Vondel bv. kry ons woorde soos **zuipen**, **uitgelaten** en **smyten** wat toentertyd geen ongunstige gevoelswaarde soos nou besit het nie. Baie woorde het so verander. Die volgende woorde het nou 'n ongunstige betekenis ontwikkel: **agterdog**; **simpel** (eers: opreg, eenvoudig); **onnosel** (eers: onskuldig); **meid** eers: meisie). Die teenoorgestelde het egter ook plaasgevind. **Grysaard** (ou vorm: grisaert) het eers „gryskop” beteken en 'n ongunstige gevoelswaarde gehad, maar dit kan nou vir die eerwaardigste ou man gebruik word. Die woord **slank** het eers „maer” en „ingevalle” beteken. Die veranderde gevoelswaarde het dus saam met 'n nuwe begripsinhoud ontwikkel.

IX. Die gevoelswaarde van woorde gee dikwels aanleiding tot die aanwending van eufemismes of verbloemende uitdrukings. Vir sommige mense bv. klink die woord **God** nie eerbiedig genoeg nie. Hulle praat liever van „onse Vader”, „onse Heer” en dergelike omskrywinge. Uit vrees en ander oorwegings word ook die woord **duiwel** of **Satan** dikwels verbloem tot „horingsman”, „deksels”, „die omie met die lang vurk”, ens. **Jesus** word weer verander tot **Jesie!** (of: **Jessie**) **Jesbaai!** ens.

Woorde wat te ru, hard, plat, onkies of onfatsoenlik klink, of 'n ander se gevoelens onnodig sal kwets, word dikwels versag. Dink maar aan al die verbloemende woorde en uitdrukkinge vir „dronk wees”, „slaan”, „doodgaan”, „lieg”, „steel”, ens. Dan is daar al die omskrywende woorde vir

bepaalde liggaamsdele en liggaamlike verrigtings. Sommige woorde word weer vervorm, bv. „maskas”, „mintig”, „maggies”, „mensig”, „mastig”, ens. (vir magtig).

X. Die gevoelswaarde van woorde is 'n belangrike faktor by styl. Woorde skep die stemming of gevoel wat die skrywer (of spreker) wil wek, d.w.s. deftigheid, skilderagtigheid, gemoedelikheid, gemeensaamheid, platheid, ens. Die keuse van woorde bepaal dus die styl van die skrywer. Die skrywer of spreker wat nie sy woorde deurvoel nie, klink oneg, word retories. Aan die ander kant dra die begripsinhoud en die klank en ritmiese waarde saam met die gevoelswaarde van woorde by tot die kernagtigheid, welluidendheid, krag, plastiek, verhewenheid, oorspronklikheid, suiwerheid, natuurlikheid, ens. van 'n persoon se styl.

As 'n persoon sy woorde goed kies, kan hy ook 'n besondere lokale of groepskleur aan sy styl gee. Kyk maar hoe getrou boots J. J. Kruger kleurling-Afrikaans in die volgende uitreksel na:

Ruiter: Hoe is Oompie Voël dan vanaand nog so laat op die pale — en hoe rol dit nog, Oompie?

Windvoël: Nee, Neef, in die later tyd gaan dit maar muf met jou oompie — pesede nag het Uil Katore op oorle Spens se graf gesit en kreun, net soos die nag voor sy in die emmer getrap het. Nou weet ek nie of hy my naam opgeskryf het om dalkies einste v'nag te versit nie!

Toe oorle Danster afgesterwe het, het hy sommer die hele voornag op die paal neffies die skerm gesit staan kreun soos 'n man wat 'n skoot deur die pens gekry het; dan tjee sy maat van die kerkhof se kant af antwoord en dit was nie lank nie, toe klap Danster se doppie!

Ruiter: Klaasgoed het anderdag Uil Katore se nes uitgehaal en die eiers gekook

Windvoël: Hm, wat staan Klaas dan peuter by Uil se nes? Hy weet mos dis 'n omgekrapte man darie. Dis dié wat ek vir hom, wat Uil Katore is, flussiës tussen die brakslote gekry sit korrel het na sy volgende konkelstreek.

FUNKSIE EN FUNKSIEVERANDERING

Laat ons eers vra: Wat is 'n woord. Neem bv. „Jan”, „lelik”, „weggooi”. Elkeen is 'n verbinding van klanke nie waar nie? Elkeen het ook 'n sekere betekenis. Ons sou 'n woord kan omskryf as „**die kleinste klankverbinding wat onder die praat 'n selfstandige betekenisinhoud het.**”

'n Alleenstaande woord het wel 'n algemene betekenis, hoe vaag dit ook al mag wees, maar 'n funksie het dit nie. Dis slegs as deel van 'n sin dat die woord (of rededeel) werklik 'n bepaalde funksie (en natuurlik ook 'n besondere betekenisinhoud) kry.

Wat is die funksie van 'n woord?

As jy gevra word wat die funksie van 'n woord is, dan moet sy sê watter soort rededeel (woordsoort) of sinsdeel dit is. Dis egter nie altoos 'n maklike taak nie, want dit is slegs in 'n bepaalde verband dat ons — soms ook maar by benadering — kan sê wat die eintlike funksie van 'n woord is. Daarby moet onthou word (i) dat die funksie van 'n woord, net soos die betekenis, iets vaags is en (ii) dat een en dieselfde woord dikwels 'n verskeidenheid van funksies kan hê.

Kyk na die volgende sinnetjies:

Ag loop! (tussenwerpsel)

Hy skryf 'n **ag** neer. (s.nw.)

Ek **ag** dit verkeerd van jou. (werkwoord)

Hy het **ag** voëls geskiet. (telwoord)

Hier kry „ag” elke keer 'n nuwe funksie, en is dit taamlik maklik om die verskillende funksies van die woord vas te stel. Maar selfs in 'n bepaalde verband gaan dit dikwels moeilik om definitief te sê wat die funksie van 'n sekere woord is. In die sin „Jan is slim” is „slim” duidelik genoeg 'n byvoeglike naamwoord; maar wat van „Jan is dokter”, of „Die seun is hier”, of „Die rivier is naby” of „Jan is twaalf”? Watter rededeel is **dokter**, **hier**, **naby** en **twaalf**? in laasgenoemde sinnetjies? Die gewone funksie van hierdie woorde is 'n s.nw., bw., voors. of (bw.) en tw. onderskeidelik, maar

watter rededele (woordsoorte) is hulle nou? Die waarheid is natuurlik dat hier 'n verandering of verskuiwing van funksie plaasgevind het. Ons kan hierdie woorde as byvoeglike naamwoorde (dokter, twaalf) of byvoeglik gebruikte vnwe. (hier, naby) beskou.

In genoemde gevalle mag dit miskien nie te moeilik gaan om die funksie van die vetgedrukte woorde te bepaal nie, maar laat ons nou 'n stappie verder gaan.

Neem die sin „Sit op die stoel daar”. Wie kan vir my onomwonde en onvoorwaardelik sê watter rededeel (woordsoort) **daar** is? want „daar” kan betrekking hê òf op die sit (dan is dit 'n bywoord) òf op „stoel” (en dan is dit 'n byvoeglike woord). Ek kan werklikwaar ook nie sê nie. Ons sal „daar” in hierdie sin dus òf 'n bywoord òf 'n byvoeglike woord kan noem. Soortgelyke voorbeelde sou wees:

Staan op die trap **onder**.

Hy loop deur die deur **regs**, ens.

Interessant is dit om daarop te let dat funksieverandering en betekenisverandering dikwels saam plaasvind. In „Hy skree 'n bars” het „'n bars” die betekenis van „hard” gekry en kan dit dus as 'n bywoord beskou word. Die oorspronklike betekenis het sodanig verbleek dat ons nou baie uitdrukkings kry waarin „'n bars” slegs as bywoord gebruik word, bv. Hy hardloop 'n bars; Hy skiet 'n bars; Hy ry 'n bars, ens. Soortgelyke voorbeelde is: Hy baklei 'n (ou) **hou**; Ek lag my 'n **papie** ('n **boggeltjie**), ens.

Histories gesien is funksieverandering 'n baie ou verskynsel. Die s.nwe. **mens**, **goed** en **vors**, bv., was oorspronklik b.nwe., terwyl **Heiland**, **vyand**, **vriend** en 'n **bekende** vroeër teenwoordige deelwoorde was. Woorde soos **beroemd**, **vermaard**, **bedoord** e.a. wat eers verlede deelwoorde was, het ook al oorgeloop na 'n ander klas: hulle is nou b.nwe. of bwe. Sommige bywoorde soos **indertyd**, **geensins**, **smorens**, **vandag**, ens. het weer uit s.nwe. ontstaan.

Onder invloed van 'n vreemde taal vind funksieverandering dikwels plaas. In Afrikaans kan ons etlike voorbeelde hiervan aantoon:

Maleis-Portugees:

Onder invloed van Maleis-Portugees het herhaalde werkwoordstamme wat as 'n bywoord gebruik word, ontstaan, bv.

Hy het dit **speel-speel** gedoen.

Sing-sing stap die volkies die pad af.

Maleis-Portugese invloed word ook vermoed in uitdrukkinge soos „**Ek is** honger (dors, skaam, spyt, vaak, lus, ens.) Vroeër het die mense gepraat van „**Ek het** honger (dors, lus, ens.)” (hier is „honger” ’n s.nw.) — en sommige sê dit vandag nog — maar vandag sê die meeste van ons „**Ek is** honger (dors, lus, ens.)”, d.w.s. „honger” word nou as b.nw. gebruik.

In die volgende gevalle het werkwoorde bywoorde geword: Dit het **broekskeur (naelskraap)** gegaan. Moontlik is Mal.-Port. invloed vir hierdie oorgange ook verantwoordelik.

Hottentots:

Dit is nog geen uitgemaakte saak nie, maar tog heel moontlik dat uitdrukkinge soos „**Ek is** lekkerlyf (kopseer, droë-lewer) aan die invloed van Hottentots toegeskryf moet word.

Engels:

Onder anglismes kry ons baie gevalle van funksieverandering. Dink byvoorbeeld aan „**Ek Wonder** hoe laat dit is” (s.nw. het w.w. geword), „Die man loop **rond** die tafel” (b.nw. het voors. geword), „**Ek herinner** sy naam baie goed” (’n wederkerende ww. het ’n gewone selfstandige ww. geword), „**Ek grap** sommer” (s.nw. het ww. geword), ens.

In die spreektaal en veral by ons skrywers vind ons dikwels voorbeelde van funksieverandering. Kyk na die volgende voorbeelde. Tussen hakies staan (i) die gewone funksie van die vetgedrukte woord (ii) die nuwe funksie in die aangegeve sin:

Dis **glo** Jan wat so gesê het. [(i) ww. (ii) bw.]

Weg hier! [(i) bw. (ii) ww.]

Jan is ’n **agtermekaar** boer. [(i) byw. (ii) b.nw.]

Buite Boel! [(i) voors. (ii) ww.]

Dit was vir jou ’n **stinksê** daardie. [(i) inf. (ii) s.nw.]

Ek was net **die duiwel in**. [(i) drie aparte woorde (ii) b.nw.]

Jy **sterk** hom in sy kwaad. [(i) b.nw. (ii) ww.]

Ons het die vee die kraal in **geskree**. [(i) intransitiewe ww. (ii) transitiewe ww.]

Wie **kaparring** al weer hier in die gang op? [(i) s.nw.
(ii) ww.]

Ek sal dit **g'n** doen nie. [(i) tw. (ii) bw.]

Hy probeer my onderneming **rysmier**. [(i) s.nw.
(ii) ww.]

In sommige van bostaande gevalle het daar gelyktydig betekenisverandering plaasgevind, bv. rysmier (heimlik dwarsboom), kaparring (hard loop soos iemand met hout skoene aan) agtermekaar (fluks, netjies).

Proewe van benoeming van Woordsoorte

Kyk eers na die volgende sinne:

Die twee seuns het baie hard in die groot tuin gewerk.

„Die tweede deur links is toe,” sê hy.

Sommige skutters het na die middelste skyf geskiet.

„Foeitog!” sê oom Piet, „wie het jou seergemaak?”

Dis hy wat dit gedoen het.

Het iemand geroep? Hoekom antwoord geeneen nie?

Dit kapok.

die: *lidwoord*

twee: *bepaalde hooftelwoord, bepalende „seuns”*

seuns: *s.nw.*

{ het gewerk: *werkwoord*

{ het: *hulpwerkwoord*

{ gewerk: *swak verlede deelwoord*

baie: *bw., bep. „hard”*

hard: *bw., bep. „het gewerk”*

in: *voorsetsel*

groot: *byvoeglike naamwoord*

tweede: *bepaalde rangtelwoord, bep. „deur”*

links: *byvoeglike woord, bep. „deur”*

is: *koppelwerkwoord*

toe: *b.nw., bep., „deur”*

hy: *persoonlike vnw.*

sommige: *onbepaalde hooftelwoord*

middelste: *onbepaalde rangtelwoord*

foeitog: *tussenwerpsel*

oom: *s.nw. (met bep. funksie)*

Piet: *eienaam*

wie: *vraende vnw.*

wat: *betreklike vnw.*

iemand: *onbepaalde vnw.*

geeneen: *s.nw. (omvangswoord)*

dit: *onpersoonlike vnw.*

SPREEKWOORDE EN VERWANTE VORME

1. BEGRIPSBEPALING:

Onder spreekwoorde en verwante vorme verstaan ons uitdrukkinge met 'n min of meer vaste vorm wat dikwels 'n les bevat en 'n sekere mate van gangbaarheid onder die volk verkry het. As ons al die skakeringe wil aantoon, gaan dit egter nie so maklik nie. Die volgende tipes word gewoonlik onderskei:

(a) Spreuke:

'n Spreuk is 'n gesegde met 'n veredelde vorm wat dit bo die alledaagse verhef, en bevat 'n sedeles. Deur dat dit meer onder geleerde kringe tuishoort, is dit nie baie gangbaar in die volksmond nie. Dit vorm 'n afgeronde geheel wat sintakties onafhanklik is. As voorbeelde dink ons veral aan die spreuke van Salomo en die **Duisend Spreuke** van Langenhoven.

(b) Spreekwoorde:

Die groot verskil tussen spreuke en spreekwoorde lê in die groot gangbaarheid wat laasgenoemde verwerf. Hulle bly nie tot 'n sekere groep of kring beperk nie; hulle is veel meer volksaardig. Deurdat spreuke dikwels so groot van omvang is, word hulle nie maklik volksbesit nie. Spreekwoorde, daarenteë, is gewoonlik kort en bondig en verkry daardeur algemene gangbaarheid. Voorbeelde is: **Die appel val nie ver van die boom nie; Ander mense se boeke is duister om te lees; In die land van die blindes is eenoog koning,** ens.

(c) Spreekwyses, Gesegdes of spreekwoordelike uitdrukings:

Dit gaan soms moeilik om tussen hierdie soort gesegde en 'n spreekwoord te onderskei, omdat daar so baie grensgevalle is. Sommige mense noem hierdie soort uitdrukings dan ook onvaste spreekwoorde.

As algemene kenmerke kan ons egter die volgende vasstel: spreekwyses bevat geen sedeles — geen didaktiese strekking

nie. Hulle is net so gangbaar soos spreekwoorde, maar besit nie so 'n veredelde vorm nie. Daarbenewens kom hulle dikwels nie as afgeronde mededelings voor nie, bv. **In die botter val; ou bene kou; balsem in die wond giet**, ens. Dikwels is ironie en beeldspraak ook teenwoordig, bv. **om die bos lei; met Jan Tuisbly se kar ry**, ens.

(d) Spreekwoordelike woord:

Aparte woorde of samestellings kan ook spreekwoordelike krag kry. Dink maar aan uitdrukkings soos **geswael, aangeklam, 'n Salomo, telegraafpaal, derdegelui, grensbalie, trekpleister, windorrel, Uilspieël**, ens.

2. ONTSTAAN EN OORSPRONG:

Soos Dr. D. F. Malherbe aantoon, ontstaan spreekwoorde, ens. sowel uit die uiterlike lewensomstandighede van 'n volk (bv. lewensbedryf, huislike en familielewes, geaardheid van die land en bodem, diere en plante, sedes en gebruike, ens.) as sy geestelike gesteldheid (bv. godsdiens, sprokies, fabels, lewensbeskouing, ens.).

In die spreekwoorde, daarop wys hy verder, word vasgelê: lewensreëls, waarskuwings, vermanings, vertroostings, herinneringe aan nasionale lotgevalle en volkswysheid; lewensvreugde, volksvernuf, skerp waarneming en verbeeldingskrag; oordadige skerts-, spot- en plaaglus, oordrywing en genot om die gebreke van die medemens, sy humor en ironie, bloot te stel.

Hoewel die spreekwoord die volksiel weerspieël, bly dit 'n streng individuele skepping. Na aanleiding van 'n sekere gebeurtenis ontstaan die treffende, suggestiewe of aanskoulike uitspraak of beeldspraak. In die meeste gevalle is dit 'n oordragtelike aanwending van 'n bestaande uitdrukking, bv. **iemand om die tuin lei, in die val sit, lang vingers hê**, ens. Die uitdrukking word herhaal, en word dan gangbaar, eers in die onmiddellike omgewing en later in 'n wyer kring totdat dit eindelik na ander streke uitbrei — deur natuurlike uitbreiding of verhuising. Dit is natuurlik moontlik vir dié proses om op enige stadium af te breek, m.a.w. die uitdrukking kan tot 'n individu, familiekring, streek, besondere groep of kring beperk bly (bv. spreekwoorde in verband met die visserij).

Uitbreiding hang ook van allerlei ander bykomende faktore af. 'n Spreekwoord kan uit sy enger omgewing (bv. in die familiekring, groep of streek) tot algemene gebruik verhef word deur inwendige faktore soos lewendige of humoristiese voorstelling, raakheid, krag, gevatheid, ens., of deur uitwendige faktore soos die onderwys, lektuur of modegees.

Waar kom ons spreekwoorde vandaan?

Soos die Afrikaanse woordeskat is sommige geërf, sommige geleen en ander self gemaak.

Die meeste spreekwoorde en gesegdes is natuurlik van Nederlands geërf. Nederlands self het ook geërf, geleen en gemaak. **Skoenmaker, bly by jou lees** is bv. aan 'n klasieke anekdote ontleen. Die oorgrote meerderheid van hierdie Nederlandse spreekwoorde het by ons 'n Afrikaanse vorm gekry, maar hier en daar vind ons nog verstarringe wat onveranderd voortleef. Dink maar aan uitdrukkinge soos **brood der smarte eet; 'n steen des aanstoots; kleine muisjes hebben groote ooren**, ens. Soms word geykte woorde in die uitdrukking bewaar, bv. **romp** en stomp verkoop; vir die **wis** en **onwis** iets saamneem; Dis vir my maar **vinkel** en koljander; Hulle kom van **heinde** en verre, ens.

In baie gevalle is die Nederlandse vorm hier te lande gewysig. Deurdat maatskaplike toestande verander het, sê ons nou in sekere dele van die land (aan iemand wat 'n vlugtige besoek kom aflê): **Het jy vuurhoutjies kom haal?** en nie meer: Het jy 'n kooltjie vuur kom haal? nie. Soms het ons self stukkies bygevoeg, bv. Ek meneer en jy meneer, **wie sal dan die wa smeer?** Deur verkeerde assosiasies het ontstaan: **in iemand se vaalwater kom** (i.p.v. vaarwater); **geen vinger verroer nie** (i.p.v. vin); **in sy kraal te pas kom** (i.p.v. kraam), **dit reën ou meide met knopkieries** (i.p.v. oude wijven met klompen); **hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroeï nie** (i.p.v. uil).

Wat ontlening betref, kan ons volgens Malherbe die volgende voorbeelde aantoon:

(a) **Maleis:**

Jou kurang sal braai.

Hy is my moses (< moesoek).

Iemand pamperlang.

- (b) **Portugees:** *Dis sy ou laai (< laia = aard).*
 (c) **Hottentots:** *Van hoeka (ook: toeka) se dae af.*
 (d) **Duits:** *By my siks.*
Dan en wan.
Kretie en Pletie.
 (e) **Platduits:** *Ek wou dat jy op Bloksberg sit.*
Tussen die boom en die bas.
 (f) **Engels:** *Noem 'n graaf 'n graaf.*
Iemand oor die kole haal.
Op die draad sit.
Hy het sy kop verloor.
Dis 'n perd van 'n ander kleur.
Iemand se been trek.
In warm water wees.
Elke hond kry sy dag.
Hy kan sy sterre dank.
Die skouer aan die wiel sit.

Daar is egter nog baie ander, bv.

Iemand in die donker hou.
Iets is 'n wit olifant.
Jou hande vol hê.
Te veel ysters in die vuur hê.
Op spelde en naalde sit.
Dis ses van die een en halfdosyn van
die ander.
Jou mes in hê vir iemand.
Iets op die punte van jou vingers ken.
Dit reën katte en honde.
Twee voëls met een klip doodgooi.
Die kat uit die sak laat.
Sy blaf is erger as sy byt.
Bloed is dikker as water.
Hy is tussen die duiwel en die diep
blou see.
Sy eie beuel blaas.

Let wel: Hoewel hierdie voorbeelde uit Engels taamlik baie gangbaarheid verwerf het, bly hulle barbarismes en behoort hulle nie gebruik te word nie.

Nuwe Afrikaanse spreekwoorde en gesegdes het op baie gebiede ontstaan. Sommige terreine was baie produktief. Laat ons 'n paar voorbeelde opnoem:

- (a) **Die ossewa:** *'n Vyfde wiel aan die wa.
'n Klein jukskei met 'n groot kop.
Dis bo my vuurmaakplek.
Sy rieme styfloop.
Agteros kom ook in die kraal.*
- (b) **Die jag:** *'n Van der Walt-skoot skiet.
So bang soos 'n bok vir 'n skoot hael.
Korrel vat.
Spoor sny.*
- (c) **Die dierewêreld:** *Sy lyf asvoël hou.
'n Tweestertjakkals.
So kwaai soos 'n geitjie.*
- (d) **Landbou en
Veeteelt:** *Al sy varkies is nie op hok nie.
In 'n ander se kraal kom.
Iemand koudlei.*

In verband met die ontstaan van spreekwoorde het ons alreeds daarop gewys hoe 'n belangrike rol skerts- en spotlus by die skepping van nuwe gesegdes speel. Hier volg nou enkele voorbeelde:

- (a) **Slaan:** *Iemand op sy bas gee. Uitlooi. Stof.
Op sy ribbekas gee. Platriem gee. Versool.
Streepswiker gee, ens.*
- (b) **Dronk wees:** *Twee rye spore loop. Lekkerlyf wees.
Stukkend wees. Hoog aan wees. Hy en
die leeu was deurmekaar. Die korrels werk
met hom, ens.*
- (c) **Bedrog:** *Iemand onderdeurspring. Iemand uitoorlé.
Iemand voorspring, ens.*
- (d) **Verlief wees
en vry:** *Vlerksleep. Iemand droogsit. Hy skiet
onder anderman se duiwe. Hy draai daar.
Hy lê daar aan, ens.*

3. VORM:

Spreekwoorde e.a. gesegdes word populêr onder die volk as gevolg van sekere treffende eienskappe. Ons kan onderskei tussen uiterlike kenmerke soos parallellisme van bou, ritme en rym, ens. en innerlike kenmerke soos oordrywing, verbloeming, verpersoonliking, ens. — m.a.w. beeldspraak. Laat ons nou 'n paar voorbeelde ondersoek:

A. Innerlike vormverskynsels:

Baie spreekwoorde, net soos beeldspraak, berus op assosiasie — òf deur ooreenkoms, òf deur verband. Party word verstaan, sommige gesien en ander weer gevoel, m.a.w. ons kry verstands-, verbeeldings- en gevoelsgesegdes. Dit is onnodig om nou breedvoeriger op hierdie saak in te gaan — sien die hoofstuk oor beeldspraak — daarom sal ons volstaan met 'n paar voorbeelde:

(a) Metafora:

Ons was vuur en vlam.

Iemand troef.

Hom uittrek voor hy gaan slaap (d.w.s. sy besittings weggee voordat hy doodgaan).

(b) Vergelyking:

Soos 'n uil op 'n kluit sit.

So bang soos 'n bok vir 'n skoot hael.

(c) Verpersoonliking:

As verpersoonliking in sy ruimste sin beskou word, is dit as vormskeppende faktor 'n besonder vrugbare verskynsel:

Eerlik het 'n os geslag.

Die donker het oë.

Nood leer bid.

Jan Lui het hom dood gedra.

(d) Verbloeming:

Uit beleefdheid, fatsoenlikheid, eerbied, ens. word onaangename dinge dikwels sagter, kieser en beskaafder voorgestel:

Loop na die hoenders. (duiwel)
 Hy het in die bottel gekyk.
 Sy het 'n kluitjie gebak.
 Ek het sy broek geborsel.

(e) **Oordrywing:**

Hy lieg dat die stof staan.
 Kaap toe ry op 'n mes.

(f) **Ironie:**

Met Jan Tuisbly se karretjie ry.
 In die jaar nul as die hingste vul.

(g) **Sinekdogee:**

Sy hand aan die ploeg slaan.

(h) **Antonomasia:**

'n Malbaar; 'n Goliat; 'n Fariseër; 'n Kams-
 geslag; 'n Salomo.

B. Uiterlike vormverskynsels:

(a) **Parallelisme van bou:**

Dit berus op naasmekaarstelling, bv.
 Na vrolikheid kom olikheid.
 Onbekend is onbeminde.
 Hoe later, hoe kwater.

Of op teenstelling, bv.

Vra is vry, maar weier staan by.
 Mooi vergaan, maar deug bly staan.
 Koue hande, warme liefde.

(b) **Rym** (beginrym en endrym):

Die gort is gaar.
 Buie of bars.
 Hoog en droog sit.
 Hy is nes 'n volstruis; waar hy kom, is hy tuis.